

# StamBoek Times

## Nampo 2025: 'n Persoonlike perspektief

Nampo 2025 was vir my beslis 'n hoogtepunt op die 2025-kalender, nie net omdat dit die grootste landbouskou in die suidelike halfgrond is nie, maar omdat dit die plek is waar rekordgetalle mense, wat 'n belang in landbou het, bymekaarkom. Nampo is nie net vir die grootste stoet- of kommersiële veeboer, of mega-saaiboer nie – dit is 'n plek waar elkeen, groot en klein,

nuwe tegnologie kan ontdek en sien hoe dit in die praktyk werk. Nampo spog met uitstallings van so te sê elke ras, ongeag hoeveel telers aan die genootskap behoort of hoeveel diere daar van 'n ras is. SA Stamboek loop 'n pad saam met elk van hierdie rasse en is deel van elkeen se sukses. Ons slagspreuk is nie verniet “meet om te weet” nie!



Daar is baie nuwe dinge wat by SA Stamboek aan die gebeur is en deesdae gebeur alles met die druk van 'n knoppie. SA Stamboek streef daarna om telers en hul bestuurspanne by te staan in hul besluitneming. Ons is egter nie slegs gefokus op stoettelers nie, maar bied ook 'n wye reeks dienste aan die kommersiële veeprodusent. Die belangrikste uitbreiding wat binnekort op almal se lippe sal wees, is ons betrokkenheid by die jongste naspeurbaarheidsdienste wat sal inskakel by Rooivleisbedryfsdienste (RMIS) se aksies. Dit sal verseker 'n nuwe wending in die veebedryf

beteken – een waarby veeprodusente én hul kliënte sal baat. My Nampo-ondervinding was 'n lekker een. Ek kon gesoute telers help met hul vrae en veeprodusente wat onbekend is met SA Stamboek se wye reeks dienste, daaraan bekendstel. Ek kon boonop lekker spog met stoetdiere wat naas ons syfers uitgestal is.

Wees 'n wenner en raak deel van SA Stamboek se wenspan, want belangrike besluite moet nie op braaivleispraatjies berus nie. – Gerdus de Klerk

## SA Stud Book at Beefmaster SA's 2025 events

A highlight for beef cattle breeders is the annual events of Beefmaster SA. Not only does it allow for breeders to socially interact and dress up for the annual dinner but also affords the opportunity to attend the annual general meeting which sets the direction for the breed. A vital aspect this year was an interactive session with SA Stud Book's animal scientists on important topics.

Dr Helena Theron addressed two very important topics, namely interpreting, understanding, and using the **cow value** in selecting more efficient beef cattle, and the reasons why BLUP breeding value predictions can change over time.

Although selecting for the **cow value** will generally result in favouring more efficient and profitable offspring, using different emphases on the building blocks, namely calving ease, pre-weaning growth rate, milk (maternal ability), female fertility and cow maintenance requirements, will result in selecting for more suitable progeny in areas differing in feed resources and climatic conditions. This assists both breeders and commercial buyers of stud bulls.

BLUP breeding values give a prediction of the expected performance differences of the progeny of breeding animals, based on the available information when the prediction takes place. As more information is used in the predictions, these values might change.

Jason Reding gave an update on the genomic status of the Beefmaster breed. Beefmaster

breeders excelled in their response to genotyping their breeding animals as part of the second round of the Beef Genomics Program (BGP2), therefore gaining more knowledge regarding many genetic aspects of the breed. The enthusiasm among the breeders has resulted in them genotyping more animals than any other breed in the first year of BGP2, even exceeding the numbers allotted to them and taking up the deficit not reached by other breeds. Jason not only gave a rundown of the occurrence of the different single trait gene alleles but also emphasised the need for genotyping to confirm and resolve parentage through exploration.

The other enthusiastic team members from SA Stud Book at these Beefmaster events were Dr Bobbie van der Westhuizen, general manager, Herman Labuschagne, manager of data and technical services, and geneticist Hannah Kruger. – *Jason Reding*



## SA Stamboek by heel eerste Volvoerkonferensie

Thalia Brameld en Suretha Francis het SA Stamboek vanaf 8 tot 10 Junie vanjaar by die heel eerste Suid-Afrikaanse Volvoerkonferensie verteenwoordig. Die konferensie was toegespits op suiwel- en rooivleisprodusente, insetverskaffers, voerkrale, veekundiges en veeartse. Die tema van die genooide referate en in-diepte gesprekke het gehandel oor die optimalisering van voerdoeltreffendheid,

verbeterde kuddegesondheid en 'n hupstoot vir algehele kuddeproduktiwiteit.

Netwerkgeleenthede was volop en gesprekke kon met telers en spesialiste gevoer word. Die minister van landbou, John Steenhuisen, het in sy spreekbeurt gefokus op die pad na voedselsekerheid vir die suiwel- en rooivleisbedrywe asook produkuitvoere.





**Arnold Botha**

Sel 083 226 2726 • Epos [arnold@anbveterinair.co.za](mailto:arnold@anbveterinair.co.za)



Verskeidenheid | Voorraad | Produk-opsporing | Goeie pryse

**Biosekuriteit:** Die bek-en-klouseer (BEK)-krisis was onder die vergrootglas en voerkraalspesialis, dr Shaun Morris, het gefokus op die invloed van BEK op plaasvlak, veral die lesse wat uit die siekte-uitbreking geleer is. Dr Danie Odendaal het 'n paneelbespreking oor biosekuriteit op plase en by voerkrale gelei. Die paneellede was melkprodusente, Bull van Rensburg en Joubert Fourie, dr Morris, asook dr Dirk Verwoerd van Karan Beef.

**Plaasbestuur:** Stef du Plessis het die gehoor dieper laat dink oor hoe om 'n goeie kultuur in die werkplek te kweek. Chris Fourie het gefokus op die eienskappe en werkswyse van veerkragtige produsente. 'n Hele groep oorsese sprekers het ook hul kennis met die kongresgangers gedeel.

**Rumengesondheid:** Prof Phil Cardoso het gesels oor hittestres en die doeltreffendheid van melk- en voerkraaldiere se dermkanaal. Dr Paolo Fantinati se voordrag het gehandel oor kostedoeltreffende insluiting van ionofore in hoë-produiserende melk- en vleisbeeste en skape se rantsoene. Dr Javier Martin Tereso het sy kennis oor kalf- en lamvoeding gedeel.

**Voedingsbestuur:** Dié gedeelte van die program is afgeskop met dr Francisco Ysunza wat verduidelik het hoe 'n voeroudit gebruik kan word om voerkonsekwenheid te bestuur en meer uit die beskikbare voer en toerusting te kry, sodat die winsmarge beter sal lyk. Isaac Isakow het op sy beurt gesels oor die

ontwerp van voerstore asook die keuse van die regte voermenger om volvoermengkoste te verminder op melkplase en by voerkrale.

Bert Coppelmanns se voordrag het gehandel oor slim voertegnologie om voermengdoeltreffendheid en produktiwiteit te verhoog, waarna Willie Jones die gehoor beïndruk met sy passie oor verpilling. Hy het die rol van korrekte ontwerp van verpillingstelsels in koste-doeltreffende verpilling op die plaas benadruk.

### **Voeding en produksieverbetering:**

Dr Gordie Jones het die tema op dag twee afgeskop deur sy varskoeivoedingsmetode, die 'Goldilocks'-metode, toe te lig. Dr Dana Tomlinson het gesels oor 'n nuwe oorgangskoei-voerstrategie om piek melkproduksie te verbeter. Dr Sion Richards het sy kennis en ervaring oor presisievoeding en verhoogde produksie gedeel. Die goue draad was om wetenskap in die praktyk toe te pas.

**Voeding en kuddegesondheid:** Richardt Venter het die sessie afgeskop en kongresgangers op 'n praktiese wyse vertel oor kuilvoergerhalte en hoe om dit met tegnologie en korrekte bestuur te verbeter. Mark Kane-Berman se aanbieding het oor die siekte, kriptosporidium gehandel en hy het gesels oor 'n minder aggressiewe strategie om kalf- en lammermortaliteite te verlaag. Prof Leon Prozesky het die korrekte metode om *post mortems* op die plaas uit te voer bespreek.

### **Voeding en produksieverbetering:**

Dr Eben Oosthuysen het oor die voeding en bestuur van hoë-risiko kalwers asook Holstein-vleiskalkruise in die voerkraal gesels. Brad Gilcrest het daarby aangesluit en gesels oor uitdagings, maar ook geleenthede in die grootmaak en bestuur van vleisbeeskruiskalwers. Dr Brink van Zyl het gefokus op hoe diere gevoer, bestuur en geselekteer moet word om vrugbaarheid en voeromsetverhouding in skaapkuddes te verbeter. – *Suretha Francis*





## Skud jou vere reg ... dis amper Trailblazer-tyd!

Die SA Stamboek Trailblazer is vir 'n tweede jaar terug – en dié keer is daar ses spesie-gefokusde geleenthede waarby jy kan aansluit! Elke Trailblazer-geleentheid vier baanbrekers in hul veld, skep geleentheid om van mekaar te leer en bied die ruimte om as bedryf saam te groei. Tydens elke geleentheid

word telers vereer, insigte van kenners gedeel, en waardevolle netwerkgeleenthede geskep tussen telers en ander rolspelers in die bedryf. Meer inligting oor elke spesifieke Trailblazer is beskikbaar by **Logix Shop** – moet dit nie misloop nie!

## Extract your own genomic report from LOGIX

Beef breeders who are genotyping through SA Stud Book may be wondering if there is a report that provides all the genomic information on all the animals they have ever tested.

Breeders are able to request a report on all the animals they have tested or only for the active animals. The animals that will appear in this report were either bred by the breeder, now owned by the breeder requesting the

report, or where the genomic test was paid for by the breeder.

Using the following menu options, one can receive this report on their LOGIX associated email address:

- Breeding Values --> Beef Cattle --> Genomic Report
- Teelwaardes --> Vleisbeeste --> Genomiese Verslag

Any questions arising from the genomic report and associated results can be emailed to Jason Reding at [jason@studbook.co.za](mailto:jason@studbook.co.za)



## Die RPO – vir produsente, deur produsente



012 349 1102   corine@rpo.co.za   www.rpo.co.za



## ELITE PRODUCTION AUCTION

POWERED BY RENTECH

**VIRTUAL SALE** | 13 September 2025 | 11.00

**Out of the Flask Auction** | 12 September 2025 | Frankfort, FS

Ian Grobbelaar 060 965 6207


Wagyu Office 051 492 1852



## Hoe werk oorerwing van horings by skape?

Elke dier ontvang twee stelle gene, een van elke ouer af. Dit is ook die geval met die geen wat bepaal of skape horings sal hê, of poenskop sal wees.

Die variant van die geen wat poenskop tot gevolg het is dominant oor die horinggeen. Vir 'n dier om poenskop te wees, hoef net een van die gene vanaf die ouers 'n poenskopgeen te wees, maar vir 'n dier om horings te hê, moet beide gene vanaf die ouers die horinggeen wees.





So hoe weet jy of jou poenskopram 'n draer is of nie? Indien hy met gehoringde ooie gepaar word en die nageslag bestaan slegs uit poenskoplammers, het hy dus beide gene vir poenskop. Indien daar egter horinglammers onder die nageslag voorkom, was hy ook 'n draer van die horinggeen.

Die moderne alternatief is om hom vooraf deur SA Stamboek genomies te laat toets.

### SNP-merkers: Die sleutels wat 'n genomiese toets ontsluit

Ouerskapverifiëring deur middel van SNP-merkers (verkry deur 'n genomiese toets), is baie akkuraat:

SNP-merkers kan ook vir naspeurbaarheid gebruik word:







## Metings en die genetiese kode


Die genetiese kode van diere word geïnterpreteer deur dit te koppel aan die prestasie van diere wat reeds hoë akkurate teelwaardes het omdat hulle self gemeet was, en reeds baie nageslag het wat gemeet is. Dit is baie belangrik dat die interpretasie van die genetiese kode binne-in die populasie waar die gene uitgedruk word moet plaasvind, aangesien aanpasbaarheid oor baie generasies gene laat aan- en afskakel.

Dit veroorsaak dat die genetiese komplement wat betrokke is by die uitdrukking van gene in een populasie, kan verskil van dié in 'n ander populasie. Dit is veral die geval by eienskappe wat met aanpasbaarheid en oorlewing te doen het, byvoorbeeld vrugbaarheid en langsliewendheid. Deur plaaslike diere te laat genotipeer in ander lande en die uitslag dan te baseer op 'n ander populasie (land) se metings, het baie beperkte waarde en word glad nie deur lande wat hulle eie nasionale genetiese ontledings het, toegepas nie.

**“IN THE WORLD OF *genomics* PHENOTYPE IS KING” – PROF MIKE COFFEY**

## Deelname van kleinveerasse aan produksiemeting

Op grond van die aantal speengewigte wat in die Logix genetiese ontledings ingesluit word, lyk die deelname van die verskillende rasse as volg:



Die implementering van genomiese seleksie van meer as 'n dekade gelede in die internasionale suiwelbedryf, het aanleiding gegee tot 'n aansienlike toename in melkaantekening wêreldwyd. Dit het verder veroorsaak dat baie meer eienskappe akkuraat gemeet word as voorheen. Enigeen wat betrokke is in diereteling behoort te weet dat genetici onomwonde bewys het dat die genetiese kode net beteken is het as dit gekoppel word aan metings binne-in die populasie waar die kode uitgedruk word.

– Drs Bernice Mostert & Japie van der Westhuizen

## “Let's cut to the chase”

Daar heers soms skeptisisme oor die Boran as ras in die kommersiële mark. Ons is hier om daardie persepsies uit te daag!

Ons onlangs suksesvolle kommersiële boere besoek wat die teendeel bewys.

Kyk na ons opwindende 'Changing Perceptions'-reeks, waar ons die moeilike vrae aanspreek wat Boran-boere dikwels teëkom. Ons nooi alle veeboere uit om saam met ons op hierdie opwindende reis te gaan!

Jy mag verras wees deur die waardevolle insigte van hierdie boere, soos ons die Boran vanuit 'n. opgeskerpte kommersiële perspektief aan jou bied.

Vandag, meer as ooit, staan ons met selfvertroue agter die Boran: 'n veelsydige, lae-onderhouds bees wat sy plek in die kommersiële mark op meriete verdien!



### CHANGING PERCEPTIONS REEKS

SCAN QR KODE  
OM DIE EPISODES  
TE KYK



#changingperceptions



# M100

Process bales with ease

PROCESS ROUND  
BALES AND/OR BIG  
SQUARE BALES.



011 864 1601 | FOUZIA@DROTSKY.CO.ZA  
ALOMIA@DROTSKY.CO.ZA | WHATSAPP: 073 271 9045





# How early pregnancy diagnosis can play a role during an FMD outbreak

## Q How does early blood pregnancy diagnosis typically work in cattle, and why is it important?

With early blood pregnancy diagnosis, specific pregnancy associated glycoproteins (PAGs) in bovine blood samples from 28 days post insemination are detected.

PAGs are produced by the placenta and only in the presence of a viable embryo or foetus. Once PAG production begins, they increase rapidly and will continue to circulate in the blood for the duration of the gestation period. If a pregnancy loss occurs, PAGs will cease to be produced and the PAG levels in circulation will subsequently drop and will no longer be detectable. These lower levels will occur within seven to ten days.

The importance of early pregnancy detection is critical in improving fertility management. The objective is to identify open cows as early as possible to better coordinate with veterinarians in order for them to check and re-inseminate open animals within a reasonable time frame. This will ensure the

maintenance of an optimal calving windows and to reduce the calving-to-calving intervals, therefore improving on cost efficiency and reduced handling of pregnant cows.

## Q In what ways can pregnancy diagnosis influence overall herd management during disease outbreaks like FMD?

Food-and-mouth disease (FMD) can traverse the placenta and cause foetal death in infected pregnant cows although clinical signs are likely to be already present at this stage.

It is crucial to maintain the strictest biosecurity. This means that during outbreaks, such as FMD, entering farms is, and should be limited – particularly in between farms – to limit the risk of transferring disease generally, and FMD in particular. With sample-based pregnancy diagnostics – farmers can check pregnancy without external resources, and especially not involving other people. This can keep reproduction parameters on a good level, without risk for the whole herd.

This is typically how this is done in European countries, such as in Hungary.

FMD also impacts fertility and reproduction parameters. Fertility disorders may also therefore be observed, such as lower conception and pregnancy rates (older first calving age, an increase of rearing costs and longer calving intervals; therefore, more open days and higher losses). Sample based pregnancy checks can assist in limiting the risk of spreading the diseases farm to farm and is impacting on the whole herd, not only cows in the reproduction cycles.

Generally, sample-based pregnancy check tests will also limit any transfer of fluids from cow to cow per rectum, especially when the same glove is used. This is also the case for spreading any other disease between cows directly in the herd.





**2025 NATIONAL AUCTION**

**14 AUGUST, 11:00**  
BLOEMFONTEIN SHOWGROUNDS

**25** Bulls **25** Female Animals **100** Semen Straws

sussex.co.za • 082 922 4616  
sussex@studbook.co.za

# SERVICE EXCELLENCE

At BKB we value the importance of trust. Trusting that the rains will return and that the land will produce for those who nurture it. Knowing that trust cannot be bought, but rather earned over time through our actions and our commitment to you, through the good times and bad. We take pride in the relationships we have built with generations of clients, each underpinned by integrity and bound through a look in the eye and the shake of a hand.

WWW.BKB.CO.ZA



To scan, download a free QR Code app

#SustainabilitySynergised

PEOPLE | PLANET | PROFIT

SERVICE EXCELLENCE | ENTREPRENEURSHIP | EARNINGS | EMPLOYEES | SUSTAINABILITY

#IntegrityIntegrated

The nett effect is that there will be more cows to rebreed if the detection and identification is reliable and swift, leaving more time and a higher chance to rebreed and improve reproduction parameters.

## **Q Can early pregnancy diagnosis help in identifying which animals should be prioritized for quarantine or isolation during an outbreak? If so, how?**

Yes, cull open animals and try to retain the pregnant animals.

## **Q Are pregnant cows more susceptible to FMD or other diseases? If so, how does early pregnancy detection allow for better protection of these vulnerable animals?**

Lactating cows are more susceptible to FMD. This is most likely due to closer interaction amongst animals and therefor higher chances of exposure to environmental and equipment contamination when a virus is present in a herd. Whenever a disease is present in a herd, the risk of cross-contamination, when handling animals, becomes a very real concern. By using sample-based pregnancy testing, using fresh needles on each animal,

the risk of cross contamination can be reduced.

## **Q How does early detection of pregnancy help in reducing the risk of vertical transmission of FMD to the foetus?**

The risk of vertical transmission is high. Once pregnancy has been confirmed, cows should be monitored closely for clinical signs of FMD. In a dairy herd, it will be difficult to start creating smaller quarantine groups and animals will still risk exposure to contaminated equipment. The best course of action would be to separate open animals and monitor for signs of infection. Pregnant animals should still be monitored closely for signs of infection.

## **Q How does early pregnancy diagnosis affect the timing of FMD vaccination, especially considering potential risks to pregnant animals?**

If a pregnancy can be confirmed at 28 days post insemination, those animals should not be vaccinated until at least 45 days, to reduce the risk to the pregnancy.



# EEN PLAKKER VELE GEBRUIKE



DUI OPTIMALE  
TEELTYE  
NOUKEURIG AAN



IDENTIFISEER  
HITTE-SIKLUSSE



DUI DRAG-  
TIGHEID AAN



IDENTIFISEER  
EMBRIONALE  
VERLIES

AgHold | [www.aghold.co.za](http://www.aghold.co.za)  
info@aghold.co.za | +27 83 400 4055  
WhatsApp: +27 71 390 4941

**ESTROTECT™**  
BREEDING INDICATOR



## Manufacturer of:

**Mechanical Trimming Blades,  
Feed Mixers, Augers, Muck Spreaders,  
Hammer Mills & Pellet Machines**



023 342 6070

[www.rumax.co.za](http://www.rumax.co.za)

Samuel Walters Straat 1, Worcester

Earlier vaccination could, however, be enforced due to government regulations, for example ordering blanket vaccination of all cattle.

### **Q How can early pregnancy diagnosis help farmers minimize economic losses during an FMD outbreak?**

As mentioned, FMD causes fertility disorders (increase first calving age and longer calving intervals). The sooner open cows are identified, the higher the chance to rebreed and improve reproduction parameters and tighten the calving window.

### **Q How does early pregnancy diagnosis contribute to improving FMD surveillance efforts?**

It limits unnecessary traffic on the farms and between farms, therefore limiting risk of spreading FMD and also other diseases.

### **Q How can veterinarians and animal health officials integrate early pregnancy diagnosis into an overall FMD control strategy?**

The most important aspect of an FMD control strategy is bio security. An important focus is to reduce the foot traffic on and off the farm. By implementing sample-based

pregnancy testing, samples can be run on the farm by the staff or samples can be sent to a laboratory without the need for anyone new coming onto the farm. Fresh gloves, needles and vacutainers ('bulldogs') should be used on each cow to reduce the risk of spreading infection. Results can be relayed to veterinarians, once available, and next steps can be planned accordingly.

### **Q Do you think that incorporating early pregnancy diagnosis on a broader scale could change the way we generally approach disease outbreaks in livestock?**

Early, and samples-based pregnancy diagnosis, can be extremely beneficial during any disease outbreak in reducing the foot traffic onto farms. Blood samples can be tested for pregnancy and then sent off for disease monitoring, adding value to each sample taken. By increasing biosecurity measures the risk is reduced of introducing a virus to the herd. This will support overall herd health and breeding management. – Paul Roe and Danuta Radzio, IDEXX

Tests now available from all OVK dealers and also at **Logix Shop**. For more information, visit [www.ruminant-Pregtest-sa.com](http://www.ruminant-Pregtest-sa.com)

# Genetika en teelvordering

'n Verbetering in die kwantiteit en kwaliteit van die produk wat 'n kudde moet lewer, sonder om insette te verhoog, is 'n belangrike manier waarop die kudde se waarde en doeltreffendheid verbeter word. Die beste manier om dit te bewerkstellig, is om die kudde geneties te verbeter, omdat daardie voordeel dan ook na die volgende generasie oorgedra sal word.

Kuddes kan op twee wyses geneties verbeter word:

- Deur diere wat geneties minderwaardig is uit te skot, word die huidige generasie van die kudde verbeter.
- Deur geneties meerderwaardige diere as ouers in die kudde se teelprogram te gebruik, word verseker dat die volgende generasie geneties sal verbeter.

Die waarde van geneties meerderwaardige diere is egter net beperk tot op kuddevlak as hulle nie doeltreffend tot die hele populasie se genepoel bydra nie. Die groot impak van genetiese verbetering op 'n rasbasis, hang dus af van die doeltreffende verspreiding van meerderwaardige genetiese materiaal wat vir alle telers bekombaar is. Daarom is die gebruik van kunsmatige inseminasie 'n groot rolspeler in die tempo van genetiese verbetering van 'n ras. Genetika is dus 'n veekundige werklikheid. Hoe kan die veeteler hierdie feit 'n werklikheid maak?


## Van teorie tot realiteit

'n Teler moet natuurlik 'n doelwit navolg en monitor om te kan weet of sy kudde geneties

verbeter, asook om te kan weet of diere wat ingekoop word wel sy kudde sal verbeter. 'n Teeldoelwit omvat al die eienskappe wat die teler poog om deur seleksie en teling geneties te verbeter. Die tempo van verbetering hang af van die genetiese diversiteit (die variasie waaruit gekies kan word) wat beskikbaar is, die akkuraatheid van seleksie, die intensiteit van seleksie en die generasie-interval.

Die beskikbaarheid en behoud van genetiese diversiteit, is 'n vereiste vir volgehoue genetiese verbetering van 'n kudde en ras, nie net om huidige vereistes aan te spreek nie, maar veral om toekomstige doelwitte te kan bereik. Hoe meer genetiese variasie daar in die ras is, hoe groter sal die verskil tussen die gemiddelde genetiese meriete van die diere wat as ouers geselekteer is, en die gemiddeld van die kudde waarin die parings toegepas gaan word (seleksiedifferensiaal) wees. Hoe groter hierdie seleksiedifferensiaal is (*Figuur 1*), hoe vinniger sal die kudde geneties verbeter vir die teeldoelwit wat nagestreef word.

Vermindering van genetiese diversiteit in 'n ras is verwant aan die tempo waarteen inteling plaasvind (*Figuur 2*). Dit is daarom belangrik dat die tempo van inteling so laag as moontlik gehou moet word. Doelgerigte seleksie oor baie generasies sal egter ook veroorsaak dat 'n kudde al hoe meer homogeen (dieselfde) raak, sodat die seleksiedifferensiaal wat toegepas kan word, al hoe kleiner raak en genetiese vordering gevolglik al hoe stadiger word.



*Figuur 1: Hoe groter die seleksiedifferensiaal (verskil tussen die gemiddeld van die diere geselekteer as ouers en die gemiddeld van die kudde), hoe vinniger vind genetiese vordering plaas.*




Figuur 2: Faktore wat die tempo van genetiese vordering beïnvloed.

## Gene en die omgewing

Ekonomies belangrike eienskappe word beheer deur 'n hele aantal gene wat elk 'n bydrae tot die uitdrukking van die eienskap maak. Hierdie eienskappe word ook deur fisiese en fisiologiese omgewingsfaktore beïnvloed, sodat metings, as enigste maatstaf, nie 'n akkurate metode is om diere mee te selekteer nie. Algoritmes en genetiese sagteware is gevolglik ontwikkel sodat daar vandag, in die meeste lande en vir meeste veerasse, genetiese waardes (teelwaardes) voorspel word deur gebruikmaking van die BLUP-dieremodeltegnologie.

Die akkuraatheid waarmee die geneties meerderwaardige diere as ouers van die volgende generasie geselekteer word, hang gevolglik grootliks af van die kwaliteit en kwantiteit van prestasiemetings en stamboominsigting wat vir die kudde en ras beskikbaar is. Deur van hierdie insigting



gebruik te maak, kan teelwaardes voorspel word wat die mees akkurate insigting is waarmee diere geselekteer kan word – soos die frase aandui: “Die waarde as teeldier”.

In lande waar 'n verteenwoordigende hoeveelheid diere van 'n ras gegenotipeer is, word genomiese insigting ook in die BLUP-evaluasies as addisionele bron van insigting ingesluit, sodat dit reeds moontlik is om vir 'n baie jong dier wat self nog nie gemeet is nie, akkurate teelwaardes te voorspel. Dit berus op werklike genetiese verwantskappe wat tussen gegenotipeerde diere vasgestel word en die assosiasie van genotipes met uitdrukking van gene (metings) in die betrokke populasie.

Teelwaardes maak dit moontlik om die genetiese vlakke van kuddes te bepaal sodat 'n teler kan weet of die diere wat geselekteer word, wel sy kudde geneties sal verbeter. Selfs vir eienskappe wat baie laag oorerfbaar is, soos vrugbaarheid, is dit moontlik om genetiese vordering deur middel van teelwaardes te maak, solank genetiese variasie vir die eienskap beskikbaar is.

Dit word oor die algemeen aanvaar dat hoe laer die oorerfbaarheid van die eienskap is, hoe stadiger genetiese vordering sal plaasvind. 'n Teler kan egter 100% seker wees dat genetiese verbetering wel in die volgende generasie sal plaasvind, indien seleksie op grond van teelwaardes gedoen word. Genetiese verbetering is kumulatief en permanent – 'n belegging in die toekoms van die kudde.

– Dr Bernice Mostert

**SENEPOL**  
STUD AND BREED AUCTION

28.9142° S, 26.3261° E

35 Bulls  
34 Registered Female animals  
35 Commercial Female animals

24 min Drive  
Bloemfontein

De Human - Middelwater Farm  
R30 Brandfort Road

SATURDAY, 23 AUGUST 2025  
11H00 | BE HUMAN – MIDDELWATER FARM  
R30 Brandfort, Road Glen, Bloemfontein, 9301

INQUIRY:  
Barend Britz (Vleisentraal) 082 776 0495 | Boetie Hattingh (Senepol) 082 306 2469  
Chris Sheard 082 375 5520 | Allan Sinclair 082 628 0059 | AUCTIONEER: Gert Coetsee – 082 414 6177

## Lees: Janvos Landgoed laat reg geskied aan presisiesteling

Jan Grey het in 1994 'n sentrale rol begin speel in die doen en late van Janvos Landgoed, die onderneming wat na hom en sy pa, wyle Vos Grey, vernoem is. Die onderneming was aanvanklik 'n saaiboerdery met 'n melkery, skape en 'n klein vleisbeeskudde.

Vandag bestaan hierdie *trailblazer*-boerdery uit 'n uitgebreide saaivertakking met

kontantgewasse en aangeplante weiding, appels, vrugte, 'n aansienlik uitgebreide melkery en 'n Boranstoot.

Om meer te lees oor hierdie voorslag Elite-boerdery, **klik hier** of laai die Julie-uitgawe van *Veeplaas* **hier** af om die artikel op bl. 51 te lees.

## Read: Why grandparents are important

Genetic diversity is essential for the survival of both individuals and species. It also plays a crucial role in selecting animals based on their ability to adapt to different environments. Breeding involves a process of selection across generations, where individual animals with favourable gene combinations are selected as parents of the next generation. Ideally, each successive generation should exhibit improved performance compared to the previous one.

To understand the important role that grandparents' genes play in influencing their direct offspring and subsequent generations, read the complete article by **clicking here** or download the July issue of *Stockfarm* **here** and turn to page 63.



## SA Stamboek op die *radio*

Luister gerus na die volgende onderhoude met SA Stamboek se kundiges wat die afgelope ruk op RSG Landbou en LandbouRadio uitgesaai is:

- Dr Bernice Mostert oor die SA Vleismerino – **klik hier**.
- Dr Bobbie van der Westhuizen oor teelwaardes – **klik hier**.



**LEES:** Die Suiwelstandaard-agentskap het onlangs 'n webinaar aangebied waarin kenners gesels het oor onlangse navorsing oor die bestuur van afvalwater op melkplase. **Klik hier** om meer oor hierdie insiggewende onderwerp te lees.

**READ:** The North West Department of Agriculture is set to vaccinate animals on farms in JB Marks Municipality after confirmed foot-and-mouth disease (FMD) outbreaks in Ventersdorp and Potchefstroom. Dr Langa Madyibi, director of Veterinary Services, says the first case was found during meat inspection on the slaughter line at a Madibeng abattoir. Laboratory tests confirmed SAT 2 and SAT 3 strains. **Click here** to read more.

**KYK:** SA Stamboek het vanjaar weer talle veetelers tydens sy SA Stamboek/Unistel Elite-toekenningsgeleentheid in Bloemfontein vereer. As jy nóg nie na die hoogtepunte-video gekyk het nie, **klik hier**.



**FERTILE  
FUNCTIONAL  
FABULOUS**

**B**

**BEEFMASTER**  
CATTLE BREEDERS' SOCIETY OF SA  
BEESTELERSGENOOTSAP VAN SA



**CATTLE FOR AFRICA**  
*Quality Livestock Exports*  
CATTLE | GOATS | SHEEP

**From South Africa to across Africa & the Middle East:**

- ✓ CUSTOM SOURCING FROM TRUSTED BREEDERS
- ✓ EXPORT APPROVED QUARANTINE FACILITIES
- ✓ VETERINARY COMPLIANCE & DOCUMENTATION

**CATTLE for AFRICA**

[www.cattleforafrica.co.za](http://www.cattleforafrica.co.za) | Guy Bird (+27) 76 457 8688 | [info@cattleforafrica.co.za](mailto:info@cattleforafrica.co.za)

# BONSMARA: DIÉ ROOI RAS

*Die beste keuse onder die son vir*

Veldaanpasbaarheid • Goeie moedereienskappe  
Uitstekende groei • Goeie karkasse  
Kalm temperament • Kruisteling

051 448 6084  
[info@bonsmara.co.za](mailto:info@bonsmara.co.za)  
[www.bonsmara.co.za](http://www.bonsmara.co.za)

## SA Stud Book at your service: Genomics

SA Stud Book is the proven pacesetter in the application of genomic technologies in animals breeding. Our scientists, technical, and other personnel remain abreast of the latest scientific and technological developments in using genomic information to assist breeders and livestock producers in making the right choices. By keeping track with best practices, local genomic evaluations have been developed and are applied for the Southern African livestock industry correctly. Not only are genomic data included as a source of information for genetic breeding value evaluations, but also for parentage verification and exploration, breed composition and purity, and applying knowledge on single-gene traits in selection.

SA Stud Book, our member breeders' societies and their breeders contributed very successfully to comply with the quota of animals allocated for genotyping during the first year of the second round of the Beef Genomics Program (BGP2). The second year of BGP2 has kicked off and beef cattle breeders are urged to make sure that they do not miss out on the opportunity offered to them. Please contact your local SA Stud Book technical advisor or breed representative for more information. Entrust your genomics request to our best team of data analysts. Visit [www.studbook.co.za/services.php](http://www.studbook.co.za/services.php) and download any of our service brochures, or send an email to [info@studbook.co.za](mailto:info@studbook.co.za) or phone **051 410 0900**.

HET DIE SWARTSKAAP BAIE WOL?  
DIE *gene* WEET.